

**Skriflesing:** Rom 8:17-30

**Tema:** Gelowiges is mense wat sug...

Julle sal met my saamstem dat hierdie tema nogal vreemd klink. Ons hoor dan so baie van die nuwe lewe van oorvloed, vreugde en vrede waarin ons as kinders van die Here deel... maar omte sug?

Verlede week se tema uit die eerste 17 verse van Romeine 8 was: "Ons sit met nie met verslete klere op 'n skewe stoeltjie onder 'n verbleikte sonsambreel nie!" Ons is nie langer slawe van sonde nie, ons is kinders van God. Die afgelope week se Pinkstertema was: "Die Heilige Gees maak heel en nuut." Is dit nie maar net die dominee wat sug nie?

Maar ons hoor tog 'n duidelike sug in Rom8:22-23a: "<sup>22</sup>Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyn van verwagting. <sup>23</sup>En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook."

Waarom sug ons?

Ons sug oor die verwoestende gevolge van sonde. Ons kry swaar.

Ons beleef tans die grootste styging in virusgevalle sedert Februarie. Weens die pandemie is kontakspor by skole die week opgeskort. In sekere provinsies is hospitale weer vol.

'n Graad 2 onderwyseres, wat vir 40 jaar skoolhou, maak die volgende stelling: "Omdat kinders, veral in laer grade, basies net 3 maande in die skool was verlede jaar, is die agterstand te groot om te te haal." Ons sug daarvoor.

Volgens 'n berig van 17 Feb 2021 het in Okt 2020 41% van huishoudings in SA se geld vir kos iewers in die week opgebraak. In Nov/Des 2020 was daar in amper 20% huishoudings iemand wat in die week honger was en nie kos gehad om te eet nie. Dit is 1 uit 5 mense. 1 uit elke 6 huishoudings in SA se kinders het einde verlede jaar honger gely. 1 uit elke 4 kinders het elke liewe dag te min kos om hulle magies vol te kry.

Ons as kerk sug saam met gelowiges wat swaarkry en in sommige wêrelddele tot die dood toe vervolgd word. Ek lees in die afgelope week die volgende berig: "Moslems brand Christenweduwee se pas herboude huis in Uganda af."

'n Weduwee wat vyf jaar gelede met haar kinders gevlug het nadat haar man deur radikale Moslems onthoof is, moes weer uit haar huis vlug. Haar herboude huis is deur Moslem-ekstremiste in Uganda aan die brand gestee. "Omstreeks vieruur in die oggend het ek mense by die deur hoor praat. Iemand het gesê: "Haar man het ons geloof verraai, ons moet die hele gesin uitwis."

Ons sug omdat, ook in die kerk, niks meer vas en seker is nie. Alles is aanvaarbaar.

Paulus skryf die Romeinse brief aan die gelowiges in die groot stad Rome. Keiser Nero was aan bewind en dit het goed gegaan. Dit was 'n tydperk van hoogbloei in die Romeinse ryk. Genoeg werkseleenthede, kos en geld was beskikbaar om Rome te laat gedy.

In 64 nC egter het Nero die Christene geblameer vir 'n brand wat groot dele van Rome verwoes het. Daarna het Christenvervolging en marteling met keiserlike goedkeuring begin.

Ook Paulus ken lyding. Ons lees sy lydensdagboek in 2 Kor 11:23-33. Ek glo Paulus het baie gesug.

Mense sug, maar ons is nie al wat sug nie, die skepping sug ook.

Die skepping is die tekenbord van God se grootheid, goedheid en sorg. Maar moeder aarde sug onder mense se aanslag. Yslae by pole smelt weg teen kommerwekkende snelhede. Toe wêreld verlede jaar gaan stilstaan het weens die pandemie, het ons opnuut bewus geword van ons verwoesting, van die omvang van ons lugbesoedeling en riviere en waterbronne wat ly onder menslike besoedeling en giftige afvalstowwe. Die skepping praat die taal van lof. Dit weerkaats God se goedheid. Maar die skepping kry swaar onder die gevolge van sonde. Dit gaan gebuk onder lyding. Die skepping sug.

Maar luister mooi: gelowiges en die skepping se sug is meer as 'n moedelse, hooplose en swaarkry sug. Bo alles is dit 'n sug van afwagting en hoop. Dit is soos iemand wat eksamen skryf se sug in afwagting op die vakansie wat voorlê. So iemand weet dat, al kry ek nou swaar, iets baie beter en groter oppad is.

Die volgende bekende verhaal verwoord iets hiervan:

'n Jong vrou, wat met kanker gediagnoseer is, is aangeraai om haar "dinge in orde te kry" aangesien sy net drie maande oorgehad het. Sy laat kom toe haar predikant om haar wense met hom te bespreek. Sy het gesê watter liederesy gesing wou hê, watter teksvers hy vir die preek moes gebruik, ens. Alles is noukeurig neergeskryf, maar net toe die predikant wou loop, sê sy: "Daar is net nog een ding. Dis baie belangrik. Ek moet begrawe word met 'n vurk in my regterhand."

Die predikant het nie mooi geweet wat om te sê nie en toe sê die vrou: "Verbaas dit u?" "Wel, ja" het die predikant geantwoord, "ek verstaan nie mooi nie."

Die vrou sê toe haar ouma het altyd 'n verhaal vertel wat sy gebruik het om mense te bemoedig. Sy is dikwels na sosiale geleenthede en na belangrike etes genooi. Wanneer die eetgerei van die tafels verwyder is, was daar gereeld iemand wat gesê het: "Hou jou vurk; die beste kom nog." Dit was wonderlik! "As ek daar in my kis met die vurk in my hand lê, moet die mense wonder en dan moet u vir hulle sê: "die beste kom nog."

In Rom 8:18 skryf Paulus dat hy van een saak oortuig is en dit is dat ons swaarkry – dit waaroor ons nou sug - glad nie opweeg teen heerlikheid van die wonderlike lewe wat vir ons wag in God se nuwe wêreld nie.

Ons sien uit na die dag waarop Hy weer sal kom en voor almal sal sê dat ons sy kinders is.

En ons is gevul met hoop.

Selfs die skepping weet dat God dit gaan bevry van lyding as gevolg van sonde en van verslawing aan verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid waarin ons ook sal deel. In Rom 8:22 lees ons dat die ganse skepping vandag steun en kreun soos 'n vrou wat op die punt staan om geboorte te gee. Nou is daar pyn en ongemak, maar die skepping weet dat iets beter oppad is.

Saam met skepping kry ons ook swaar en sug en kla.

Maar God het egter reeds vir ons die Heilige Gees gegee as deposito. Die Gees is die eerste “betaling” as bewys dat God se volle “betaling” sal volg. God se beloftes sal waar word. Die Gees is versekering van die volle heerlijkheid van die Ewige Lewe wat sal volg.

Ons is mense met beter toekoms – ons sien uit na die dag wanneer God ons uit ons swaarkry sterflike bestaan sal kom bevry – en vir ewig lewend sal maak.

Paulus so seker van God se liefdeswerk in ons lewens dat hy in die verlede tyd skryf: God het ons gekies, Hy het ons geroep en vrygespreek van ons sondes. Hy het ons verheerlik, ons is deel van sy familie. Ons is soos Christus. Hy het ons in sy heerlijkheid laat deel. Hy het ons met sy goedheid oorlaai. Dit is nie ‘n vae twyfelagtige moontlikheid nie. Dit is ‘n vaste Goddelike onbetwyfelbare sekerheid.

Ons leef met ‘n lewende hoop op die sekerheid wat ons nie kan sien nie, die ewige lewe by God. En ons wag met volharding daarop.

Ons grootste swakheid is dat ons oppad na die ewige lewe nie aldag weet wat om te bid nie. God gee vir ons die Heilige Gees om ons in ons swakhede te help. Die Heilige Gees hoor wat ons sug in gebed en doen iets daaraan. Hy neem my en jou gebedsbehoefte met God die Vader op. Daarom hoef ons nooit te twyfel of God ons situasie ken nie.

En in ons swaarkry, is ons van een ding seker - Wat ookal in jou as kind van die Here se lewe gebeur, dit pas alles in by God se ewige plan vir jou lewe. En die einddoel van sy plan met my en jou lewe, is triomf. Ons is op aarde altyd een tree weg van sy ewige finale triomf!

Ja gelowiges sug ook, maar ons sug klink anders as hulle wat nie die Here ken en dien nie.  
Amen